

DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Inleiding

Die apostel Paulus skryf *Die Brief aan die Romeine* waarskynlik vanuit Kenchreë, die oostelike hawedorp van Korinthe, in die winter van 55-56 nC. Die brief is vermoedelik deur Febe, wat aktief in die gemeente van Kenchreë betrokke was, na Rome geneem en daar afgelewer (16:1-2).

Paulus is die outeur van *Romeine*, maar hy dikteer sy brief aan Tertius, die persoon wat die brief neergeskryf het (16:22).

Anders as in sy ander briewe, rig Paulus nie sy skrywe aan 'n bepaalde gemeente nie. Die gelowiges in Rome was in hierdie stadium nog in 'n aantal klein huisgemeentes gegroeper. Die meerderheid van hulle was nie-Jode (1:5-6), maar die apostel groet in Rom 16 ook verskeie Joodse volksgenote. Ten tye van sy skrywe heers daar tussen sommige gelowiges 'n mate van spanning, onder meer oor eetgebruike en Joodse feesdae (14 — 15).

Paulus het beplan om 'n vierde sendingreis na Spanje te onderneem en om op pad daarheen 'n tyd lank by die gelowiges in Rome te vertoef (1:9-15;15:23-28). Hy was nog nooit tevore in Rome nie en wil deur sy brief eers 'n positiewe verhouding met hulle opbou, onder meer sodat hulle hom na Spanje kan voorthelp (15:23-24). Boonop is sy prediking by die Romeine verdag gemaak (3:8). Dit alles bring mee dat *Die Brief aan die Romeine* 'n breë verantwoording word van die evangelie wat Paulus verkondig, as 't ware 'n geloofsbrief wat sy goeie trou moet

bevestig. Die besondere oorwoënheid, wye perspektief en diepgang van hierdie brief het meegebring dat dit rigtinggewend vir die Christelike kerk van alle eeue geword het.

Om sy boodskap effektief tuis te bring, gebruik die apostel verskeie tegnieke van die antieke retorika. Hy maak veral gebruik van die vraag-en-antwoordmetode, wat besonder geskik was om moeilike kwessies op te helder (3:1-8 en verder).

Die sentrale tema van *Romeine* is die goeie boodskap dat God skuldige sondaars, Jode sowel as nie-Jode (1:18 — 3:20), uit genade vryspreek — 'n boodskap wat in geloof toegeëien moet word (3:21-31). Hierdie vrygespreekte mense het 'n nuwe identiteit in Christus (5-8) wat hulle uit dankbaarheid prakties moet uitleef (12:1 — 15:13). In hoofstukke 9-11 word spesiaal aandag gegee aan die posisie van die Joodse volk.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-7 Brieffaanhef

1:8-12 Dankgebed

1:13-17 Paulus se roeping om die evangelie te verkondig

1:18 — 4:25 Alle mense staan skuldig voor God, maar almal wat glo, word vrygespreek

5 — 8 As vrygespreektes is ons nuwe mense

9 — 11 Die posisie van die Joodse volk

12 — 15:13 Leef nou as vrygespreekte mense

15:14-33 Persoonlike opmerkings

16:1-23 Aanbeveling, groete en seëngroet

16:25-27 Lof aan God

1

¹ Paulus, 'n dienskneg^a van •Christus Jesus, 'n geroepe •apostel, afgesonder vir die evangelie van God,^{* 2*} wat Hy reeds tevore deur sy profete in die heilige Skrifte beloof het³ aangaande sy Seun —

wat liggaamlik^{*} uit die nageslag^b van Dawid voortgekom het^{*}

⁴ wat na die Heilige Gees^c deur sy opstanding uit die dood

kragtig aangedui is as die •Seun van God^{*} —

Jesus Christus, ons Here,^{5*} deur wie ek^d die genade van my apostelskap ontvang het om tot eer van sy Naam al die heidene tot geloofsgehoorsaamheid te bring,⁶ onder wie julle ook is, julle wat deur Jesus Christus geroep is —

⁷ aan al die geliefdes van God wat in Rome is, geroepe heiliges:^{e*}

Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.*

^a1:1 **dienskneg**: Of “slaaf”.

* 1:1 *afgesonder ... God*: Hand 9:15; 13:2; Gal 1:15

* 1:2 Rom 16:25-26; Tit 1:2

* 1:3 *liggaamlik*: Rom 9:5

^b1:3 **nageslag**: Letterlik ‘saad’.

* 1:3 *uit die ... voortgekom het*: Matt 22:42; 2 Tim 2:8

^c1:4 **Heilige Gees**: Kan ook vertaal word met “gees van heiligheid”; vgl Jes 63:10.

* 1:4 *wat na ... God*: Hand 13:33

* 1:5 Hand 26:16-18; Rom 15:18; Gal 2:7,9

^d1:5 **ek**: In navolging van die amptelike hofstyl van destyds lui die •bronteks “ons”.

^e1:7 **heiliges**: Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is.

Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortrefflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

* 1:7 *geroepe heiliges*: 1 Kor 1:2; 2 Kor 1:1

* 1:7 *Genade ... Christus*: Num 6:25-26; 1 Kor 1:3; 2 Kor 1:2

Paulus se gebed

⁸ Heel eerste dank ek my God deur Jesus •Christus oor julle almal, omdat julle geloof oor die hele wêreld verkondig word.* ⁹ God, wat ek met my hele wese dien deur die evangelie van sy Seun, is my getuie* dat ek gedurig aan julle dink* ¹⁰ en altyd in my gebede vra of die pad nou uiteindelik vir my oopgemaak sal word, as dit die wil van God is, om na julle te kom.* ¹¹ Want ek begeer om julle te sien, sodat ek die een of ander geestelike gawe met julle kan deel om julle te versterk — ¹² of eerder, dat wanneer ek by julle is, ons wedersyds deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle geloof en julle deur myne.

Roeping van Paulus

¹³ Ek wil nie hê dat julle hieroor onkundig moet wees nie, broers,^f dat ek my dikwels voorgeneem het om na julle te kom — alhoewel ek tot nou toe verhinder is — sodat ek ook onder julle 'n vrug kan verkry* soos onder die ander heidene. ¹⁴ Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke,^g teenoor wyses sowel as onverstandiges, staan ek in die skuld — ¹⁵ vandaar my hartsbegeerte om ook aan julle in Rome die evangelie te verkondig.

* **1:8** *julle geloof ... verkondig word:* 1 Thess 1:8

* **1:9** *God ... getuie:* Fil 1:8; 1 Thess 2:5,10

* **1:9** *dat ek ... dink:* Ef 1:16

* **1:10** *vra ... kom:* Hand 19:21; Rom 15:23,32

^f**1:13** *broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **1:13** *'n vrug kan verkry:* Joh 15:16

^g**1:14** *nie-Grieke:* Letterlik 'barbare'. Die Grieke het so na almal verwys wat nie bekend was met die Griekse taal en kultuur nie.

¹⁶ Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie,* want dit is God se krag tot verlossing vir elkeen wat glo,* eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek.^{h*} ¹⁷ Want daarin word geopenbaar dat God se •geregtigheid geheel en al op geloof berus,* soos daar geskryf staan: “Wie op grond van geloof geregverdigⁱ word, sal leef”.^j

Straf van God oor die heidene

¹⁸ God se toorn word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van mense* wat volhou om die waarheid deur ongeregtheid te onderdruk,* ¹⁹* aangesien dit wat van God geweet kan word, aan hulle bekend is. God het dit immers aan hulle bekend gemaak. ²⁰ Want sy onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar.* Gevolglik is hulle sonder verontskuldiging;²¹ want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as

***1:16** Ek ... evangelie nie: Ps 119:46; Mark 8:38

***1:16** want ... glo: 1 Kor 1:18,24

^h**1:16** **Griek:** 'n Term vir alle nie-Jode.

***1:16** eerste ... Griek: Hand 13:46

***1:17** Want ... berus: Rom 3:21

ⁱ**1:17** **geregverdig:** Kan ook vertaal word met “vrygespreek”. Die Griekse woorde wat in Rom 1:17 en elders in *Romeine* met “geregtigheid” en “geregverdig word” vertaal word, gaan om die unieke wyse waarop God as Regter sy regspraak beoefen. Hy spreek sondaars vry op grond van die verdienste van Christus, sodat hulle daardeur geregverdig word. Op hierdie wyse gebruik Paulus die term veral ook in *Galasiërs*.

^j**1:17** **Wie ... leef:** Hierdie aanhaling uit Hab 2:4 •Septuagint word deur Paulus op 'n eie besondere manier weergegee; vgl Gal 3:11 en ook Heb 10:38.

***1:18** God ... mense: Ef 5:6; Kol 3:6

***1:18** wat volhou ... onderdruk: 2 Thess 2:12

***1:19** Hand 14:15-17; 17:24-28

***1:20** Want ... sigbaar: Job 12:7-9; Ps 19:2

God geëer of gedank nie. Inteendeel, hulle denke het sinloos geword en hulle onverstandige harte is verduister.* ²² *Alhoewel hulle beweer dat hulle wys is, het hulle dwaas geword. ²³ *Hulle het naamlik die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en diere en kruipende diere.*

²⁴ *Daarom het God hulle deur middel van die begeertes van hulle harte oorgegee aan onsedelikheid, naamlik om hulle liggame onder mekaar te ontteer ²⁵ — hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het* en geskape wesens aanbid en gendien het in plaas van die Skepper, wat tot in ewigheid lofwaardig is.* Amen.^k ²⁶ *Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke drange: Hulle vroue het die natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is. ²⁷ *Net so het ook die mans, terwyl hulle die natuurlike seksuele omgang met die vrou laat vaar het, vurig begin brand van begeerte na mekaar; mans het met mans skandelikheid bedryf en in hulleself die verdiende loon vir hulle afwyking ontvang.

²⁸ En omdat hulle dit as verwerplik beskou het om aan God erkenning te gee, het God hulle oorgegee aan 'n verwerplike denkwysse, sodat hulle onbetaamlik optree. ²⁹ Hulle is vol van elke vorm van onreg, boosheid, hebsug en kwaad; vol afguns, moorddadigheid, twisgierigheid, geslepenheid en kwaadwilligheid; hulle is skindertonge, ³⁰ kwaadstokers,

* **1:21** *Inteendeel ... verduister:* Ef 4:17-18

* **1:22** Jer 10:14; 1 Kor 1:20

* **1:23** Deut 4:15-19; Ps 106:20

* **1:23** *kruipende diere:* Gen 7:14; Lev 11:29-31; Deut 4; Ps 106:20

* **1:24** Hand 14:16

* **1:25** *hulle wat ... verruil het:* Jer 13:25; 16:19

* **1:25** *Skepper ... lofwaardig is:* Rom 9:5

^k**1:25** *Skepper ... •Amen:* 'n Lofprysing wat aan die Jodedom ontleen is.

* **1:27** Lev 18:22; 20:13; 1 Kor 6:9

haters van God, brutaal, hooghartig en grootdoenerig, vindingryk om slegte dinge te bedink, ongehoorsaam aan hulle ouers; ³¹ onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos en sonder medelye ³² — die soort mense wat die voorskrif van God ken, naamlik dat mense wat hierdie dinge doen, die dood verdien. Tog doen hulle dit nie net nie, maar praat hulle dit boonop goed wanneer ander dit doen.

2

Regverdige oordeel van God

¹ Daarom is daar vir jou, o mens, wat oordeel,¹ wie jy ook al is, geen verontskuldiging nie. Met die oordeel wat jy oor die ander persoon uitspreek, veroordeel jy immers jouself,* omdat jy wat oordeel, dieselfde doen. ² Ons weet dat God se oordeel oor mense wat sulke dinge doen, in ooreenstemming met die waarheid is. ³ Dink jy, o mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen terwyl jy dieselfde dinge doen, dat jý God se oordeel sal vryspring? ⁴ Of verag jy die rykdom van sy goedheid, verdraagsaamheid en geduld, en besef jy nie dat God se goedheid jou tot bekering wil bring nie?* ⁵ Deur jou hardkoppigheid en onbekeerlike hart is jy besig om toorn teen jouself op te stapel op die dag van toorn wanneer die regverdige oordeel van God geopenbaar sal word. ⁶ *Hy sal elkeen beloon volgens sy dade — ⁷ die ewige lewe aan diegene wat deur volgehoue goeie werke streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid, ⁸ maar toorn en gramskap^m aan diegene wat uit eiesinnigheid ongehoorsaam is

¹**2:1 wat oordeel:** Dit gaan hier om Jode en Griekse sedepredikers wat hulle verwerdig om ander te veroordeel.

***2:1 Met ... jouself:** Matt 7:2; Luk 6:37; Joh 8:7

***2:4 God ... bring nie:** 2 Pet 3:15

***2:6** Ps 62:13; Spr 24:12; Sir 16:14; Matt 16:27; Joh 5:29; 2 Kor 5:10

^m**2:8 toorn en gramskap:** Volgens destydse gebruik het regters duidelik hulle woede getoon oor begane onreg.

aan die waarheid en gehoorsaam aan die ongeregtigheid. ⁹ Verdrukking en benoudheid wag vir elke mens wat aanhou kwaad doen,* eerstens vir die Jood, maar ook vir die Griek.^{n*} ¹⁰ Maar heerlikheid, eer en vrede wag vir elkeen wat die goeie doen, eerstens vir die Jood, maar ook vir die Griek. ¹¹ *Want God beoordeel niemand volgens sy uiterlike nie.

Nakoming van die wet

¹² Almal wat sonder die wet gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan, maar almal wat binne die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word. ¹³ *Dit is tog nie die blote hoorders van die wet wat voor God regverdig is nie, maar dit is die daders van die wet wat geregverdig^o sal word. ¹⁴ *Want wanneer die heidene, wat nie oor die wet beskik nie, van nature tog die vereistes van die wet nakom, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle nie die wet nie. ¹⁵ Hulle wys duidelik dat die uitvoering van die wet in hulle harte geskryf staan, en hulle gewetens bevestig dit; en hulle wisselende gedagtes sal hulle soms aankla en soms verontskuldig ¹⁶ op die dag wanneer God die verborge dinge van die mens, volgens my evangelie,^{p*} deur •Christus Jesus sal oordeel.

Jode skuldig voor God

¹⁷ Jy noem jouself tog 'n Jood, jy maak staat op die wet en jy beroem

***2:9** *Verdrukking ... doen:* 2 Thess 1:8

ⁿ**2:9** *Griek:* 'n Term vir alle nie-Jode.

***2:9** *eerstens ... Griek:* Rom 1:16

***2:11** Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Hand 10:34; Gal 2:6; Ef 6:9; Kol 3:25; 1 Pet 1:17

***2:13** Matt 7:21; Jak 1:22,25; 1 Joh 3:7

^o**2:13** *geregverdig:* Kan ook vertaal word “vrygespreek”. Vgl voetnoot in Rom 1:17.

***2:14** Hand 10:35

^p**2:16** *my evangelie:* Dit wil sê die evangelie wat Paulus verkondig.

***2:16** *volgens my evangelie:* 2 Tim 2:8

jou op God. ¹⁸ Jy ken sy wil en onderskei dit wat wesenlik belangrik is, * omdat jy uit die wet onderrig word. ¹⁹ Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, * 'n lig vir diegene in die duisternis, ²⁰ 'n leermeester vir die onkundiges, 'n onderwyser vir die oningeligtes, omdat jy in die wet die beliggaming van kennis en waarheid het. * ²¹ * Jy dan, wat iemand anders onderrig, onderrig jy nie jouself nie? Jy wat verkondig dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy self? ²² Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy egbreuk? Jy wat die afgode verafsku, pleeg jy tempelroof?^q ²³ Jy wat jou beroem op die wet, jy doen God oneer aan deur die wet te oortree. ²⁴ Want “die Naam van God word deur julle toedoen onder die heidene belaster”^{*} — soos daar geskryf staan.

Ware besnydenis

²⁵ Aan die een kant is besnydenis wel van nut as jy die wet nakom, maar aan die ander kant, as jy 'n oortreder van die wet is, het jou besnedenheid onbesnedenheid geword. * ²⁶ * En as onbesnede mense die voorskrifte van die wet uitvoer, sal hulle onbesnedenheid dan nie tot besnedenheid gereken word nie? ²⁷ Boonop sal die mense wat van nature onbesnede is

***2:18** *onderskei ... belangrik is:* Fil 1:10

***2:19** *Jy is ... blindes is:* Matt 15:14; Luk 18:9

***2:20** *omdat ... waarheid het:* 2 Tim 3:15

***2:21** Ps 50:16-21; Matt 23:3-4

^q**2:22** *tempelroof:* Tempels is dikwels beroof met die oog op die kosbaarhede (goud, juwele, ens) daarin.

***2:24** *Want ... belaster:* Jes 52:5; Eseg 36:20

***2:25** *as jy 'n oortreder ... geword:* Jer 4:4; 9:25

***2:26** Gal 5:6

en tog die wet nakom, oordeel oor jou, wat ten spyte van die letter van die wet^r en die besnydenis 'n wetsoortreder is. ²⁸*Want om 'n Jood te wees is nie iets uiterliks nie, en besnydenis is nie iets wat uiterlik aan die liggaam geskied nie; ²⁹intendeel, 'n Jood is iemand wat dit in die verborge innerlike is, en besnydenis is iets van die hart, geestelik,* nie letterlik nie. Só iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God.*

3

Betroubaarheid en regverdigheid van God

¹ Het die Jood dan enige voordeel, of het die besnydenis enige nut? ² Ja, baie, in elke opsig. Want in die eerste plek is die woorde van God aan hulle toevertrou.* ³ Maar wat nou? As sommige ontrou geword het, maak hulle ontrouheid God se getrouheid ongedaan?* ⁴ Hoegenaamd nie. Al is elke mens vals,* laat God waaragtig wees. Soos daar geskryf staan,

“sodat U reg bewys kan word deur u woorde,
en U sal wen wanneer oor U geoordeel word”.*

⁵ Maar as dit so is dat óns ongeregtheid God se regverdigheid bewys, wat sal ons sê? Is God dan onregverdig — ek redeneer nou soos 'n mens — wanneer Hy sy toorn oor ons bring? ⁶ Hoegenaamd nie! Want hoe sal God dan oor die wêreld oordeel? ⁷ Maar as deur my valsheid God se waarheid oorvloedig blyk, tot sy heerlijkheid, waarom word ek dan nog as sondaar

^r2:27 *letter ... wet*: Die •bronteks lui “letter”.

*2:28 Joh 7:24; 8:15,39

*2:29 *besnydenis ... geestelik*: Deut 30:6; Kol 2:11

*2:29 *lof ... God*: 1 Kor 4:5; 2 Kor 10:18

*3:2 *is die ... toevertrou*: Deut 4:7-8; Ps 103:7; 147:19-20; Rom 9:4

*3:3 *maak ... ongedaan*: Rom 9:6; 11:29; 2 Tim 2:13

*3:4 *Al is ... vals*: Ps 116:11

*3:4 *sodat ... word*: Ps 51:6

geoordeel? ⁸ Dit is tog nie, soos wat ons belaster word, en soos sommige ons dit in die mond lê, 'n geval van “kom ons doen die slegte, sodat die goeie daaruit kan voortkom”^s nie? Sulke mense word met reg veroordeel.

Alle mense skuldig voor God

⁹ Wat dan? Is ons^t beter daaraan toe? Hoegenaamd nie! Want ons het reeds tevore Jode sowel as Grieke daarvan aangekla dat almal onder die sonde is;^{*} ¹⁰ soos daar geskryf staan:

^{*}“Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie;^{*}

¹¹ daar is niemand verstandig nie,
daar is niemand wat God soek nie.

¹² Almal het afgedwaal;
saam het hulle waardeloos geword.

Daar is niemand wat goed doen nie,
daar is selfs nie een nie.”

¹³ “Hulle keel is 'n oop graf;
met hulle tonge bedrieg hulle;^{*}
die gif van slange is op hulle lippe.^{*}”

¹⁴ ^{*}“Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.”

^s**3:8 kom ... voortkom:** Dit was 'n beskuldiging wat Paulus se teenstanders teen hom ingebring het; vgl Rom 6:1.

^t**3:9 ons:** Dit is die Jode.

^{*}**3:9 Want ... sonde is:** Rom 1:18 — 2:24; 3:23

^{*}**3:10-12** Ps 14:1-3; 53:2-4

^{*}**3:10 Daar ... een nie:** Pred 7:20

^{*}**3:13 Hulle keel ... bedrieg hulle:** Ps 5:10

^{*}**3:13 die gif ... lippe:** Ps 140:4

^{*}**3:14** Ps 10:7

¹⁵ * “Haastig is hulle voete om bloed te vergiet.

¹⁶ Verwoesting en ellende is op hulle paaie,

¹⁷ en 'n pad van vrede ken hulle nie.”

¹⁸ * “In hulle oë is daar geen ontsag vir God nie.”

¹⁹ Ons weet dat alles wat die wet sê, gerig is aan diegene wat onder die wet staan, sodat elke mond die swye opgelê kan word en die hele wêreld voor God skuldig kan staan. ²⁰ Daarom sal geen mens op grond van die nakoming van die wet voor Hom geregverdig^u word nie,* want juis deur die wet ken ons die sonde.*

Vryspraak deur die geloof

²¹ Maar nou word die geregtigheid^v van God sonder die wet bekend gemaak, waarvan die Wet en die Profete^w getuig.* ²² Hierdie •vryspraak gee God deur die geloof in Jesus •Christus aan almal wat glo.* Want daar is geen onderskeid nie: ²³ * Almal het trouens gesondig en die eer aan God ontbreek by hulle,^x ²⁴ en tog word hulle goedgunstig deur sy genade vrygespreek* deur die bevryding in Christus Jesus.* ²⁵⁻²⁶ Hom het God

***3:15-17** Jes 59:7-8; Spr 1:16

***3:18** Ps 36:2

^u**3:20** *geregverdig*: Kan ook vertaal word “vrygespreek”. Vgl voetnoot in Rom 1:17.

***3:20** *geen mens ... word nie*: Ps 143:2

***3:20** *want juis ... sonde*: Rom 7:7

^v**3:21** *geregtigheid*: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

^w**3:21** *die Wet ... Profete*: Dit dien as aanduiding van die geskrifte wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

***3:21** *waarvan ... getuig*: Hand 10:43

***3:22** *Hierdie ... glo*: Rom 1:17; Gal 2:16

***3:23** Rom 3:9

^x**3:23** *die eer ... hulle*: Word ook vertaal “die heerlikheid van God ontbreek by hulle”.

***3:24** *en tog ... vrygespreek*: Ef 2:8

***3:24** *deur die ... Jesus*: Rom 5:1

daargestel as 'n versoeningsoffer^y in sy bloed,* en wat deur die geloof verkry word. God het sy regverdigheid duidelik bewys deurdat Hy die sondes oor die hoof gesien het wat voorheen in die tyd van sy verdraagsaamheid gedoen is; ja, so het Hy in die huidige tyd sy regverdigheid duidelik bewys, sodat Hy regverdig kan wees en terselfdertyd hulle wat in Jesus glo, kan regverdig.^z

²⁷ Waarop kan ons ons dan beroem? Die roem is uitgesluit.* Deur watter wet? Die wet van die werke? Nee, deur die wet van die geloof. ²⁸* Ons is immers daarvan oortuig dat 'n mens regverdig verklaar word deur die geloof, en nie deur werke van gehoorsaamheid aan die wet nie. ²⁹* Of is God net die God van Jode? Is Hy nie ook God van nie-Jode nie? Ja, ook van nie-Jode, ³⁰ aangesien dit één God* is wat besnedenes deur die geloof sal regverdig, en ook onbesnedenes deur dieselfde geloof.* ³¹* Maak ons dan deur die geloof die wet ongeldig? Hoegenaamd nie! Trouens, ons bevestig die wet.

4

Abraham as voorbeeld

¹ Wat sal ons dan sê het Abraham, ons stamvader na die liggaam, verkry? ² Wel, as Abraham op grond van sy dae geregverdig^a is, het hy rede om hom daarop te beroem. Maar nie voor God nie. ³ Want wat sê

^y3:25-26 *versoeningsoffer*: Of “plek van versoening”.

*3:25-26 *Hom het ... bloed*: Ef 1:7

^z3:25-26 *regverdig*: Kan ook vertaal word “vryspreek”.

*3:27 *Waarop ... uitgesluit*: 1 Kor 1:31

*3:28 Gal 2:16

*3:29 Rom 10:12

*3:30 *één God*: Deut 6:4; Gal 3:20

*3:30 *wat besnedenes ... dieselfde geloof*: Rom 4:11-12

*3:31 Matt 5:17; Rom 4:3; 8:4

^a4:2 *geregverdig*: Kan ook vertaal word “vrygespreek”. Vgl voetnoot in Rom 1:17.

die Skrif? “Abraham het God geglo en God het sy geloof vir hom as regverdiging^b gereken.”* ⁴ *Iemand wat werk se loon word nie as 'n guns gereken nie, maar as iets wat hom toekom. ⁵ Iemand wat egter nie werk nie, maar glo in die Een wat die goddelose regverdig maak* — vir hom word sy geloof as •regverdiging gereken. ⁶ So noem ook Dawid die mens geseënd vir wie God regverdiging toereken, sonder daade:

⁷ * “Gelukkig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is;

⁸ Gelukkig is die mens vir wie die Here die sonde hoegenaamd nie toereken nie.”

⁹ Is hierdie seën dan net bedoel vir die besnedenes, of ook vir die onbesnedenes? Ons sê tog: “Abraham se geloof is vir hom as regverdiging gereken.”* ¹⁰ Wanneer is dit vir hom toegereken? Toe hy besny was of toe hy nog onbesny was? Nie toe hy besny was nie, maar toe hy onbesny was. ¹¹ Hy het die teken van die besnydenis as 'n seël ontvang om te bevestig dat hy op grond van sy geloof geregverdig is terwyl hy nog onbesny was.* So het hy die vader geword van almal wat glo terwyl hulle onbesny is, sodat ook vir hulle die geloof as regverdiging gereken kon word. ¹² So het hy ook die vader geword van hulle wat nie bloot besny is nie, maar wat boonop in die voetspore volg van ons vader Abraham, wat geglo het toe hy nog onbesny was.

^b4:3 *regverdiging*: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

* 4:3 *Abraham ... gereken*: Gen 15:6; Gal 3:6; Jak 2:23

* 4:4 Rom 11:6

* 4:5 *die Een ... maak*: Spr 17:15

* 4:7-8 Ps 32:1-2

* 4:9 *Abraham ... gereken*: Vgl kruisverwysing in Rom 4:3

* 4:11 *Hy het ... onbesny was*: Gen 17:10-11

Ontvangs van die belofte van God deur geloof

¹³ Die belofte dat hy die wêreld as erfdeel sou ontvang, * het nie deur die wet na Abraham en sy nageslag* gekom nie, maar deur die •geregtigheid van die geloof. ¹⁴ *Immers, as mense op grond van die wet erfgename is, het die geloof betekenisloos geword en die belofte sy krag verloor. ¹⁵ Dit is tog die wet wat toorn meebring; maar waar daar geen wet is nie, is daar ook geen oortreding nie. * ¹⁶ Daarom het die belofte op geloof berus, sodat dit volgens genade kon bestaan en kon vasstaan vir Abraham se hele nageslag, nie net vir diegene wat op grond van die wet leef nie, maar ook vir diegene wat op grond van Abraham se geloof leef. Hy is ons almal se vader, * ¹⁷ soos daar geskryf staan: “Ek het jou die vader van baie nasies gemaak” * — dit was hy in die oë van die God in wie hy geglo het, wat die dooies lewend maak en dit wat nog nie bestaan nie, tot bestaan roep. * ¹⁸ Hy het teen alle verwagting in bly hoop en geglo dat hy die vader van baie nasies sou word, soos gesê is: “Só sal jou nageslag wees.” * ¹⁹ Sy geloof het nie verswak nie, al het hy besef dat sy eie liggaam reeds so te sê dood was — hy was reeds ongeveer 100 jaar oud *

* **4:13** Die belofte ... ontvang: Gen 18:18; 22:17-18

* **4:13** en sy nageslag: Gal 3:29

* **4:14** Gal 3:18

* **4:15** maar ... oortreding nie: Rom 3:20; 5:13; 7:8

* **4:16** maar ook vir diegene ... vader: Gal 3:7

* **4:17** Ek ... gemaak: Gen 17:5

* **4:17** en dit wat nog ... roep: Jes 48:13

* **4:18** Só ... wees: Gen 15:5

* **4:19** hy was ... oud: Gen 17:17

— en dat Sara se moederskoot ook reeds dood^c was. ²⁰ Met die belofte van God in gedagte het hy nie in ongeloof verval en begin twyfel nie;^d trouens, hy het sterker geword in die geloof en het die eer aan God gegee. ²¹ Hy was vas daarvan oortuig dat God dit wat Hy belof het, ook kan doen. ²² Daarom is dit vir hom as regverdiging^e gereken.* ²³ Dat dit vir hom as regverdiging gereken is, is nie net ter wille van hom opgeskryf nie, ²⁴ maar ook ter wille van ons* vir wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus ons Here uit die dood opgewek het.* ²⁵ Hy is ter wille van ons oortredinge oorgelewer^f en ter wille van ons regverdigmaking opgewek.*

5

Voorreg van Christenwees

¹ Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig^g is, * het ons vrede by God deur ons Here Jesus •Christus. ² Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry* tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God. ³ Maar dis nie al nie:

^c4:19 *dood*: Dws onvrugbaar.

^d4:20 *Met ... twyfel nie*: Kan ook vertaal word “Wat die belofte betref het hy nie, in ongeloof, begin twyfel nie;” of “Hy het nie in ongeloof aan die belofte van God begin twyfel nie.”

^e4:22 *regverdiging*: Vgl voetnoot in Rom 4:3.

* 4:22 *is dit ... gereken*: Gen 15:6

* 4:23-24 *Dat dit ... wille van ons*: Rom 15:4

* 4:24 *Hom wat ... opgewek het*: 1 Pet 1:21

^f4:25 *Hy is ... oorgelewer*: Dit verwys na Jes 53:4-5 as heenwysing na Jesus Christus.

* 4:25 *ter wille van ons regverdigmaking opgewek*: 1 Kor 15:17

^g5:1 *geregverdig*: Kan ook vertaal word “vrygespreek”. Vgl voetnoot in Rom 1:17.

* 5:1 *Omdat ... geregverdig is*: Rom 3:24,28

* 5:2 *Deur ... verkry*: Ef 2:18; 3:12

Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding;^{*} ⁴ en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. ⁵ En die hoop beskaam nie,^{*} want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

⁶ Toe ons nog swak was,^h het Christus immers op die regte tyd vir goddeloses gesterf. ⁷ 'n Mens sal nie maklik vir 'n •regverdige persoon sterf nie, al sou 'n mens dalk nog die moed hê om vir so 'n goeie persoon te sterf. ⁸ * God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. ⁹ Hoeveel te meer sal ons dan deur Hom van die oordeel gered word,^{*} noudat ons deur sy bloed geregverdigⁱ is! ¹⁰ * As ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe verlos word noudat ons met Hom versoen is! ¹¹ Maar dis nie al nie; ons vind ons roem ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Oorvloed van God se genade

¹² Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het^{*} en as gevolg van die sonde die dood,^{*} so het die dood ook tot alle mense deurgedring omdat almal gesondig het. ¹³ Vóór die wet was daar reeds sonde in die wêreld, maar as daar nie 'n wet is nie, word sonde nie toegereken nie.^{*} ¹⁴ Nietemin het die dood van Adam af tot by Moses

* **5:3** *Ons beroem ... volharding:* Jak 1:2-3; 1 Pet 1:5-7

* **5:5** *En ... beskaam nie:* Ps 22:6; 25:20; Heb 6:18-19

^h**5:6** *swak was:* Of “hulpeloos”, omdat ons in die sonde vasgevang was.

* **5:8** Joh 3:16; 1 Joh 4:10

* **5:9** *deur Hom ... gered word:* Rom 1:18; 2:5,8

ⁱ**5:9** *geregverdig:* Vgl voetnoot in Rom 5:1.

* **5:10** Rom 8:7-8

* **5:12** *deur ... gekom het:* Gen 2:17; 3:6,19

* **5:12** *as gevolg ... sonde die dood:* Rom 6:23

* **5:13** *maar as ... toegereken nie:* Rom 4:15

geheers, ook oor dié mense wat nie gesondig het op dieselfde wyse as wat Adam oortree het nie. Adam is 'n voorbeeld wat heenwys na Hom wat sou kom.* ¹⁵ Maar die genadegawe is nie soos die oortreding nie. Want as deur die oortreding van een mens baie gesterf het, het die genade van God, ja, die genadegawe wat deur die een mens, Jesus •Christus, gekom het, vir baie mense nog soveel oorfloediger geword. ¹⁶ En die gawe is nie soos die gevolg van een mens se sonde nie; want die oordeel oor een mens se oortreding het tot veroordeling gelei, maar die genadegawe het tot •vryspraak van baie oortredinge gelei. ¹⁷ Want as deur die oortreding van die een mens die dood deur daardie een mens begin heers het, sal hulle wat die oorfloed van God se genade ontvang, ja, die gawe van sy regverdiging,^j nog soveel eerder deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer.

¹⁸ *Daarom dan, soos daar deur die oortreding van een mens veroordeling oor alle mense gekom het, so het daar ook deur die een mens se gehoorsame optrede vir alle mense regverdiging tot die lewe gekom. ¹⁹ Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig^k word.¹ ²⁰ Die wet het daarby gekom, met die gevolg dat die oortreding toegeneem het;^m maar namate die sonde

*5:14 *Adam is ... kom:* 1 Kor 15:21-22,45

^j5:17 *regverdiging:* Kan ook vertaal word “vryspraak”.

*5:18 1 Kor 15:22

^k5:19 *geregverdig:* Vgl voetnoot in Rom 5:1; 1:17.

¹5:19 *deur die gehoorsaamheid ... geregverdig word:* Dit verwys na Jes 53:11 as heenwysing na Jesus Christus.

^m5:20 *toegeneem het:* Die bedoeling is dat die bepalinge van die wet die werklikheid en die omvang van die sonde soveel duideliker maak; vgl Rom 4:15; 7:8; Gal 3:19.

toegeneem het, het die genade nog soveel oorvloediger geword. ²¹ *Dus: Net soos die sonde deur die dood geheers het, sal ook die genade deur die regverdiging heers en tot die ewige lewe lei deur Jesus Christus, ons Here.

6

Dood vir die sonde en lewend vir God

¹ ⁿWat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly voortleef sodat die genade kan toeneem? ² Hoegenaamd nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog langer daarin bly leef?*

³ Of weet julle nie dat ons wat in •Christus Jesus* in gedoop is, in sy dood in gedoop is nie? ⁴ *Deur die doop is ons dus saam met Hom in sy dood begrawe sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, so ook ons 'n nuwe lewe sal lei. ⁵ *As ons inderdaad met Hom saamgegroeï het in 'n dood soos syne, sal ons ook met Hom saamgroeï in 'n opstanding soos syne. ⁶ Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is,* sodat ons sondige bestaan beëindig kan word en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie. ⁷ *Wie gesterf het, is immers vrygemaak van die sonde. ⁸ As ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal leef. ⁹ Ons

*5:21 Rom 6:23

ⁿ6:1 Paulus wil met hierdie vraag en met die hele hoofstuk wat volg die moontlike misverstand besweer dat God se genade die mens 'n vrybrief gee om nou maar voort te gaan met die sonde; vgl Rom 3:5-8.

*6:2 *Ons wat ... leef*: 1 Pet 4:1

*6:3 *ons ... Jesus*: Gal 3:27

*6:4 Kol 2:12

*6:5 Fil 3:10-11

*6:6 *ons ou ... is*: Gal 5:24

*6:7 1 Pet 4:1

weet dat Christus, nadat Hy uit die dood opgewek is, nie weer sterf nie — die dood het nie meer seggenskap oor Hom nie. ¹⁰ Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf,* maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.* ¹¹ *Beskou julleself dan so dat julle in Christus Jesus dood is vir die sonde, maar lewend vir God.

Alles tot beskikking van God

¹² *Laat die sonde dan nie oor julle sterflike liggaam heers, om julle sy begeertes te laat gehoorsaam nie. ¹³ Julle moet ook nie meer julle ledemate^o as wapens^p van ongeregtigheid tot beskikking van die sonde stel nie. Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het,* stel julleself tot beskikking van God, en julle ledemate as wapens van •geregtigheid tot beskikking van God.* ¹⁴ Die sonde mag beslis nie oor julle heers nie;* julle is immers nie onder die wet nie, maar onder die genade.

¹⁵ Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade? Hoegenaamd nie!*

¹⁶ *Besef julle nie dat as julle julleself vir iemand beskikbaar stel om hom as slawe te gehoorsaam, julle slawe is van die persoon aan wie julle gehoorsaam is nie? Julle is óf slawe van die sonde, wat tot die dood lei,

*6:10 *het Hy ... altyd gesterf*: Heb 9:26-28; 1 Pet 3:18

*6:10 *maar die lewe ... God*: Gal 2:19

*6:11 2 Kor 5:15; 1 Pet 2:24

*6:12 Gen 4:7

^o6:13 *ledemate*: Dws ons fisiese vermoëns.

^p6:13 *wapens*: Kan ook vertaal word “instrumente”. Paulus gebruik egter graag die beeld van geestelike oorlogvoering.

*6:13 *as mense ... geword het*: Ef 2:4-5; 5:14

*6:13 *stel julleself ... geregtigheid tot beskikking van God*: Rom 12:1

*6:14 *Die sonde ... heers nie*: 1 Joh 3:6

*6:15 *Sal ons ... Hoegenaamd nie*: Rom 5:17,21

*6:16 Joh 8:34; 2 Pet 2:19

óf slawe van gehoorsaamheid, wat lei tot geregtigheid. ¹⁷ Aan God die dank dat julle wel slawe van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die vorm van leer waaraan julle onderwerp is;

¹⁸ vrygemaak van die sonde,* het julle slawe van die geregtigheid geword

¹⁹ — ter wille van julle menslike swakheid praat ek in menslike terme — want soos julle julle ledemate in diens van onsedelikheid en

losbandigheid gestel het om losbandig te leef, stel nou so julle ledemate in diens van die geregtigheid om heilig te leef. ²⁰ Want toe julle nog slawe van die sonde was, was julle nie aan geregtigheid gebonde nie.

²¹ Watter vrug het julle destyds verkry? Oor daardie dinge skaam julle julle nou,* want die uiteinde daarvan is die dood.* ²² Maar nou dat julle van die sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewer julle die vrug van heiligmaking, en die uiteinde hiervan is die ewige lewe.* ²³ *Want die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe in •Christus Jesus ons Here.

7

Gelowiges die eiendom van Christus

¹ Of weet julle dan nie, broers^q — ek praat immers met mense wat die wet^f ken — dat die wet seggenskap het oor die mens vir so lank as wat hy leef nie? ² Volgens die wet is die getroude vrou tog aan haar man verbonde terwyl hy nog leef; maar as die man sterf, is sy onthef van die wet ten opsigte van haar man. ³ Gevolglik sal sy as 'n egbreekster beskou

*6:18 vrygemaak ... sonde: Joh 8:32

*6:21 Oor ... julle nou: Eseg 16:61,63

*6:21 want ... dood: Rom 7:5; 8:6,13

*6:22 en die uiteinde ... lewe: 1 Pet 1:9

*6:23 Rom 5:12,15

^q7:1 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^f7:1 **wet**: Hier gaan dit oor die huwelikswet.

word as sy 'n ander man se vrou word terwyl haar man nog leef; maar as haar man sterf, is sy vrygestel van die wet; en as sy 'n ander man se vrou word, is sy nie 'n egbreekster nie. ⁴ Net so, my broers, het ook julle deur julle verbintenis met die liggaam van •Christus, wat die wet betref, gesterf* om aan iemand anders te behoort, naamlik aan die Een wat uit die dood opgewek is, om vir God vrug te kan dra. ⁵ Toe ons nog in ons sondige aard vasgevang was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons ledemate gewerk om vrug te dra vir die dood.* ⁶ Maar aangesien ons gesterf het, is ons nou vrygestel van die wet* waarin ons vasgevang was, sodat ons diensbaar kan wees in die nuwe bedeling van die Gees en nie in die ou bedeling van die letter van die wet^s nie.*

Sonde en die wet

⁷ Wat sal ons dan sê? Dat die wet sonde is? Hoegenaamd nie! Trouens, ek sou nie die sonde geken het as dit nie deur die wet was nie. Ek sou immers nie geweet het wat begeerte is as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.”* ⁸ Nadat die sonde deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het dit allerlei begeertes in my gewek; want sonder die wet is die sonde dood.* ⁹ Destyds, sonder die wet, was ek lewendig; maar toe die gebod gekom het, het die sonde lewe gekry, ¹⁰ en ek het gesterf en gevind dat die gebod wat na die lewe moes lei,* na die dood gelei het. ¹¹ Die sonde wat deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het my mislei* en my

*7:4 julle deur ... gesterf: Kol 2:14

*7:5 om vrug ... dood: Rom 5:21; 8:6,13

*7:6 is ... vrygestel van die wet: Rom 8:2

^s7:6 letter ... wet: Die •bronteks lui “letter”.

*7:6 sodat ... wet nie: Rom 6:4

*7:7 Jy ... begeer nie: Eks 20:17; Deut 5:21; Rom 13:9

*7:8 want ... dood: Rom 5:13

*7:10 die gebod ... moes lei: Lev 18:5

*7:11 Die sonde ... mislei: Gen 3:13; Heb 3:13

deur die gebod doodgemaak. ¹² *So is die wet dan heilig; ook die gebod is heilig en regverdig en goed.

¹³ Het dit wat goed is^t dan vir my die dood gebring? Hoegenaamd nie! Trouens, dit was die sonde — sodat dit sou blyk dat dit werklik sonde is — wat deur die goeie vir my die dood bewerk het. So het die sonde deur die gebod as uitermate sondig na vore getree.*

'n Lewe uit eie sondige aard

¹⁴ Ons weet wel dat die wet geestelik is, maar ek, in my sondige aard, is uitverkoop aan die sonde.* ¹⁵ Ek verstaan my eie optrede nie: Wat ek wil, doen ek nie; maar juis wat ek haat, dit doen ek. ¹⁶ En as ek dit doen wat ek nie wil nie, gee ek toe dat die wet goed is. ¹⁷ Nou is dit egter nie meer ek wat dit doen nie, maar eerder die sonde wat in my woon.

¹⁸ Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, dit wil sê nie in my sondige aard nie.* Die wil bestaan wel by my, maar die doen van die goeie nie. ¹⁹ Die goeie wat ek wil, doen ek nie; maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. ²⁰ Maar as ek doen wat ek nie wil nie, is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar eerder die sonde wat in my woon.

²¹ Dus vind ek hierdie wet:^u Wanneer ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. ²² In my diepste wese^v verbly ek my oor die wet van God, ²³ maar ek sien dat daar 'n ander wet in my ledemate oorlog voer teen die wet van my verstand* en my krygsgevangene neem deur die

*7:12 1 Tim 1:8

^t7:13 *dit wat goed is*: Naamlik die wet en die gebod; vgl vs 12.

*7:13 *die sonde — sodat ... getree*: Rom 5:20

*7:14 *maar ek ... sonde*: Ps 51:7; Joh 3:6

*7:18 *Ek weet ... aard nie*: Gen 6:5; 8:21

^u7:21 *wet*: In die sin van “wetmatigheid” of “patroon”.

^v7:22 *In ... wese*: Letterlik ‘volgens die innerlike mens’.

*7:23 *ander wet ... verstand*: Gal 5:17; Jak 4:1; 1 Pet 2:11

wet van die sonde wat in my ledemate is. ²⁴ Ellendige mens wat ek is!
Wie sal my tog red uit hierdie doodsbestaan?^{w 25} Aan God die dank —
deur Jesus •Christus ons Here!*

So dien ekself dan met my verstand die wet van God, maar met my
sondige aard die wet van die sonde.

8

'n Lewe onder beheer van die Gees

¹ Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in •Christus Jesus is
nie.^{x 2}* Die wet van die Gees wat in Christus Jesus die lewe gee,* het jou
immers vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. ³ Dit waartoe
die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie,* het God
gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde^y in die gestalte van 'n sondige
mens te stuur,* het Hy die sonde in die mens veroordeel. ⁴ Gevolglik kan
ons voldoen aan die regseis van die wet, ons wat nie volgens ons sondige
aard leef nie, maar volgens die Gees.* ⁵ Wie volgens hulle sondige aard
leef, bedink immers die dinge van hulle sondige aard, maar diegene wat
volgens die Gees leef, bedink die dinge van die Gees. ⁶ Die denke van ons
sondige aard loop uit op die dood,* maar die denke van die Gees bring

^w7:24 uit ... **doodsbestaan**: Letterlik 'uit die liggaam van hierdie dood'.

^{*}7:25 Aan ... *Here*: 1 Kor 15:57

^x8:1 **nie**: Ander mss voeg by “vir diegene wat nie volgens die vlees leef nie maar volgens die Gees”.

^{*}8:2 Rom 7:23-24

^{*}8:2 *Die wet ... gee*: Rom 3:27

^{*}8:3 *Dit ... was nie*: Hand 13:38; 15:10

^y8:3 **vanweë die sonde**: Kan ook vertaal word “as 'n offer vir die sonde”.

^{*}8:3 *het God ... stuur*: Joh 1:14; Fil 2:7; Heb 2:17; 4:15

^{*}8:4 *ons wat ... Gees*: Gal 5:16,25

^{*}8:6 *Die denke ... dood*: Rom 6:21; 7:5; 8:13

lewe en vrede. ⁷ Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God;* dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.*

⁸ Wie in hulle sondige aard bly, kan God nie tevrede stel nie.

⁹ Julle, daarenteen, bly nie in julle sondige aard nie, maar in die Gees — mits die Gees van God werklik in julle woon.* As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Hom nie.* ¹⁰ *Maar as Christus in julle is, is julle liggaam dood as gevolg van die sonde, maar julle gees lewend as gevolg van die regverdiging.^z ¹¹ As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

¹² *Daarom dan, broers,^a het ons 'n verpligting — maar nie teenoor ons sondige aard om daarvolgens te leef nie. ¹³ *Want as julle volgens julle sondige aard leef, sal julle sterf. Maar as julle deur die Gees die praktyke van die liggaam doodmaak, sal julle leef. ¹⁴ Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is seuns^b van God. ¹⁵ Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat verslawing bring,^c sodat julle weer bang hoef te wees nie;*

*8:7 Die denke ... teen God: Jak 4:4

*8:7 onderwerp ... ook nie: Matt 12:34; Joh 8:43; 12:39

*8:9 mits die Gees ... woon: 1 Kor 3:16

*8:9 As iemand ... Hom nie: 1 Kor 12:3

*8:10 Gal 2:20; 1 Pet 4:6

^z8:10 **regverdiging**: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

*8:12 Rom 6:7,18

^a8:12 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

*8:13 Gal 6:8

^b8:14 **seuns**: Volgens destydse opvatting het dit al die kinders ingesluit. Dieselfde geld vir Rom 8:15,19.

^c8:15 **Gees ... verslawing bring**: Letterlik “Gees van verslawing” of “gees van verslawing”. Laasgenoemde kan vertaal word “'n slaafse gees”.

*8:15 Julle het immers ... wees nie: 2 Tim 1:7

nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons as kinders aangeneem^d is, en deur Hom roep ons “Abba,^e Vader!”¹⁶ *Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.¹⁷ Maar as ons kinders is, is ons ook erfgename — erfgename van God* en mede-erfgename met Christus; sodat, as ons saam met Hom ly, ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Toekomstige heerlikheid

¹⁸ *Ek is oortuig dat die lyding van die huidige tyd nie vergelyk kan word met die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.¹⁹ Met vurige verlange wag die skepping daarop dat die kinders van God openlik bekend gemaak sal word.*²⁰⁻²¹ Want die skepping is onderwerp aan 'n sinlose bestaan, nie uit eie keuse nie, maar deur Hom wat dit daaraan onderwerp het.* Die skepping hoop om self vrygemaak te word van verslawing aan die verganklikheid,* en so die vryheid te smaak wat die heerlikheid van God se kinders* sal kenmerk.²² Ons weet immers dat die ganse skepping tot nou toe saam met ons sug, ja, in geboortepyne verkeer.²³ *En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees as

^d**8:15 as ... aangeneem:** Letterlik ‘as seuns aangeneem’. In uitsonderlike gevalle is egter ook dogters aangeneem.

^e**8:15 Abba:** Die Aramese woord vir ‘Vader’, waarmee Jesus God in die gebed aangespreek het; vgl Mark 14:36; Gal 4:5-6.

***8:16** 2 Kor 1:22

***8:17** Maar as ... God: Gal 4:7; Op 21:7

***8:18** 2 Kor 4:17

***8:19** die kinders ... sal word: Kol 3:4

***8:20-21** Want die ... onderwerp het: Gen 3:17-19; 5:29; Pred 1:2

***8:20-21** Die skepping ... verganklikheid: 2 Pet 3:13

***8:20-21** die heerlikheid ... kinders: 1 Joh 3:2

***8:23** 2 Kor 5:2-4; Gal 5:5

God se eerste vrug^f ontvang het, ook ons sug self in ons binneste, terwyl ons uitsien na ons aanneming as seuns, die bevryding van ons liggame.

²⁴ Ons is immers verlos in hoop. Maar die hoop wat gesien kan word, dit is nie regtig hoop nie;* want wie hoop nog op wat 'n mens reeds kan sien? ²⁵ Maar as ons hoop op dit wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding.

²⁶ So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie. ²⁷ Hy wat die harte deurgrond,* weet wat die bedoeling van die Gees is, dat Hy volgens die wil van God vir die •heiliges intree. ²⁸ Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk^g vir hulle wat Hom liefhet,* vir hulle wat volgens sy voorneme geroep is; ²⁹ want Hy het hulle wat Hy reeds tevore geken^h het, ook vooruit bestem om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word, sodat Hy die Eersgeboreneⁱ onder baie broers kan wees;* ³⁰ en diegene wat Hy vooruit bestem het, het Hy ook geroep; en diegene wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek; en diegene wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.

^f**8:23 eerste vrug:** Of “eersteling” verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is.

***8:24 Ons is ... hoop nie:** 2 Kor 5:7

***8:27 Hy wat ... deurgrond:** Ps 139:1; 1 Kor 4:5

^g**8:28 dat God ... meewerk:** Kan ook vertaal word “dat alles ten goede meewerk”.

***8:28 alles ten ... liefhet:** Ef 1:11; 3:11

^h**8:29 geken:** Kan ook vertaal word “gekies”.

ⁱ**8:29 Eersgeborene:** Op •Christus toegepas dui “Eersgeborene” Hom aan as die •Seun van God wat ten opsigte van die nuwe mensheid die eerste plek inneem, nie net in terme van tyd nie, maar veral wat sy ereposisie betref.

***8:29 Eersgeborene ... wees:** Kol 1:18; Heb 1:6

Onwrikbare liefde van God

³¹ Wat sal ons dan hiervan sê? As God vir ons is, * wie kan teen ons wees? ³² Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het* — sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie? ³³ *Wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat •vryspreek! ³⁴ Wie sal ons veroordeel? •Christus Jesus het gesterf — meer nog: Dit is Hy wat opgewek is, wat ook aan die regterhand^j van God sit^k en wat ook vir ons intree.* ³⁵ Wat sal ons van die liefde van Christus skei? Swaarkry of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? ³⁶ Soos daar geskryf staan:

“Ter wille van U word ons die hele tyd aan die dood uitgelewer, word ons soos slagskape behandel.”*

³⁷ *Maar in alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het. ³⁸ Ek is immers daarvan oortuig dat geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige gebeure, of kragte ³⁹ of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping ons kan skei van God se liefde wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.

* **8:31** As ... is: Ps 118:6

* **8:32** Hy wat ... oorgelewer het: Joh 3:16

* **8:33** Jes 50:8

^j**8:34 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^k**8:34 wat ook ... sit:** Dit verwys na Ps 110:1 as heenwysing na Jesus Christus.

* **8:34 en wat ... intree:** 1 Joh 2:1

* **8:36 Ter wille ... behandel:** Ps 44:23; 2 Kor 4:11

* **8:37** Joh 16:33

9

God se verkiesing van Israel

¹ Ek praat die waarheid in Christus, ja, ek lieg nie, en my gewete, deur die werking van die Heilige Gees, getuig saam met my ² dat ek in my hart 'n ontsaglike droefheid en 'n onophoudelike pyn ervaar. ³ *Ek sou inderdaad wou bid om self vervloek te wees, verwyder van Christus, in belang van my broers,¹ my volksgenote na die liggaam. ⁴ Hulle is Israeliëte; aan hulle behoort die aanneming as seuns^{m*} en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die tempeldiens en die beloftes; ⁵ aan hulle behoort die voorvaders en uit hulle het ook die Christus as mens* gekom — Hy wat God bo alles is,* lofwaardig vir ewig!* Amen.

God se handeling met Israel

⁶ Dit is nie asof die woord van God nou ongeldig geraak het nie.* Want nie almal wat uit Israel afkomstig is, is die ware Israel nie.* ⁷ Ook is nie almal wat nageslag van Abraham is, sy kinders nie. Trouens, daar staan: “Dit is deur Isak dat jou nageslag benoem sal word.”* ⁸ *Dit wil sê: Dit is nie die kinders na die liggaam wat kinders van God is nie, maar die kinders na die

*9:3 Eks 32:32

¹9:3 *broers*: Volgens destydse opvatting was alle Israeliëte hierby ingesluit.

^m9:4 *aanneming as seuns*: Volgens destydse opvatting het dit al die kinders ingesluit; vgl Rom 8:15,23.

*9:4 *Israeliëte ... as seuns*: Eks 4:22; Deut 7:6; 14:1-2

*9:5 *uit hulle ... mens*: Matt 1:1-16; Luk 3:23-38

*9:5 *Hy wat bo alles is*: Joh 1:1

*9:5 *God ... ewig*: Ps 41:14; Rom 1:25

*9:6 *Dit is ... het nie*: Num 23:19

*9:6 *Want ... Israel nie*: Rom 2:28

*9:7 *Dit ... word*: Gen 21:12

*9:8 Gal 4:23

belofte wat as sy nageslag beskou word. ⁹ Want dít is die woord van die belofte: “Teen hierdie tyd sal Ek kom en sal Sara 'n seun hê.”*

¹⁰ *Dit is nie al nie. Ook Rebekka het uit net een man swanger geword, naamlik uit ons voorvader Isak. ¹¹⁻¹² Nog voordat haar kinders gebore is of iets goeds of kwaads gedoen het, is vir haar gesê: “Die oudste sal die jongste dien.”* Dit het gebeur sodat God se voorneme volgens sy uitverkiesing sou bly staan, nie op grond van mense se daade nie, maar op grond van Hom wat roep. ¹³ Soos daar geskryf staan:

“Jakob het Ek liefgehad,
maar van Esau het Ek 'n afkeer gehad.”ⁿ

¹⁴ Wat sal ons dan sê? Is daar dan enige onreg by God? Geensins!* ¹⁵ Vir Moses sê Hy tog:

“Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm,
en Ek sal barmhartig wees teenoor wie Ek barmhartig wil wees.”*

¹⁶ *Dit berus dus nie by die mens wat wil en hom inspan^o nie, maar by God wat Hom ontferm. ¹⁷ Die Skrif sê immers vir die farao:

* **9:9** *Teen ... hê:* Gen 18:10,14

* **9:10** Gen 25:21

* **9:11-12** *Die oudste ... dien:* Gen 25:23

ⁿ**9:13** *Jakob ... afkeer gehad:* 'n Tipies Semitiese segswyse wat sê dat Jakob, anders as Esau, die fokus van God se verkiesende liefde was; Mal 1:2-3.

* **9:14** *Is daar ... Geensins:* Deut 32:4 ; Wys 12:12-18

* **9:15** *Ek sal My ... wees:* Eks 33:19

* **9:16** Ef 2:8

^o**9:16** *inspan:* Paulus dink hier aan 'n atleet wat alles uithaal om eerste by die wenpaal te kom.

“Juis hiervoor het Ek jou verhef
sodat Ek deur jou my krag kan toon
en sodat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word.”*

¹⁸ Hy ontferm Hom dus oor wie Hy wil, en Hy maak hardkoppig wie Hy wil.*

¹⁹ Jy sal nou vir my sê: “Hoe kan Hy dan nog 'n mens die skuld gee? Want wie kan sy wil teengaan?” ²⁰ Wie is jý tog, o mens, om God te weerspreek? Kan die erdewerk vir sy maker sê: * “Waarom het jy my só gemaak?” ²¹ Of het die pottebakker dan nie die reg* om uit dieselfde stuk klei 'n voorwerp vir edele gebruik of vir onedele gebruik te maak nie?*

²² As God dan die voorwerpe van sy toorn wat vir ondergang bestem is, met groot geduld verdra het* omdat Hy sy toorn wil vertoon en sy krag bekend wil maak, ²³ *het Hy dan nie ook die reg om die rykdom van sy heerlijkheid bekend te maak oor die voorwerpe van sy ontferming wat Hy vooraf vir heerlijkheid bestem het nie? ²⁴ Dit is ons wat Hy geroep het, nie net uit die Jode nie, maar ook uit die nie-Jode. ²⁵ So sê Hy ook in Hosea:

“Hulle wat nie my volk was nie, sal Ek my volk noem,
en haar wat nie geliefd was nie, sal Ek my geliefde noem.”*

²⁶ En:

* **9:17** *Juis ... kan word:* Eks 9:16

* **9:18** *en Hy ... Hy wil:* Eks 4:21; 7:3; 9:12; 14:4,17

* **9:20** *Kan ... sê:* Jes 29:16; 45:9 ; Wys 12:12

* **9:21** *het die ... reg:* Jer 18:6 ; Wys 1:7

* **9:21** *om uit ... maak nie:* Wys 15:7

* **9:22** *As ... verdra het:* Jer 50:25

* **9:23** Ef 1:3-12

* **9:25** *Hulle wat ... geliefde noem:* Hos 2:22

“Op daardie plek waar vir hulle gesê is, ‘Julle is nie my volk nie,’ juis daar sal hulle seuns van die lewende God genoem word.”*

²⁷ Maar Jesaja roep aangaande Israel uit:

“Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, sal net 'n oorblyfsel verlos word;

²⁸ want die Here gaan sy woord finaal en sonder uitstel tot uitvoering bring op die aarde.”*

²⁹ En soos Jesaja reeds gesê het:

“As die Here, Heerser oor alle magte, nie vir ons 'n nageslag laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het en sou dit met ons soos met Gomorra gegaan het.”*

³⁰ *Wat sal ons dan sê? Dat die heidene die •geregtigheid wat hulle nie nagejaag het nie, verkry het, naamlik die regverdiging^p deur die geloof, ³¹ *terwyl Israel wat geregtigheid deur die wet nagejaag het, die eis van die wet nie kon nakom nie? ³² Waarom nie? Omdat hulle dit nie op grond van geloof wou verkry nie, maar op grond van hulle dade. Hulle het oor die struikelblok* gestruik, ³³ soos daar geskryf staan:

*9:26 Op ... genoem word: Hos 1:10

*9:27-28 Al is ... aarde: Jes 10:22-23; Hos 1:10

*9:29 As ... gegaan het: Jes 1:9

*9:30 Rom 10:20

^p9:30 **regverdiging**: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

*9:31 Wys 2:11; Rom 10:2-3

*9:32 **struikelblok**: Jes 8:14

“Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer om oor te struikel,
'n rots om oor te val;
maar wie in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie.”^q

10

¹ Broers,^r my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle verlos mag word. ² Ek kan inderdaad vir hulle getuig dat hulle God met ywer dien,^{*} maar sonder insig. ³ *Omdat hulle die •geregtigheid wat van God af kom nie begryp nie en probeer om hulle eie geregtigheid tot stand te bring, het hulle hulle nie onderwerp aan die geregtigheid wat van God af kom nie. ⁴ *Die einddoel van die wet is immers •Christus, tot regverdiging^s van elkeen wat glo.

Evangelie vir alle volke

⁵ Moses skryf immers van die geregtigheid wat op grond van die wet verkry word: “Die mens wat hierdie dinge doen, sal hierdeur leef.”^{*}

⁶ Maar die regverdiging^t deur die geloof word so verwoord: “Moenie in jou hart sê,^{*} ‘Wie sal na die hemel opklim’^{*}” — met die bedoeling om

^q9:33 *Kyk ... staan nie:* Aanhaling uit Jes 28:16 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Rom 10:11; 1 Pet 2:6,8.

^r10:1 *Broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^{*}10:2 *hulle God ... dien:* Hand 22:3

^{*}10:3 Rom 9:31-32

^{*}10:4 Matt 5:17; Joh 3:18; Heb 8:13

^s10:4 *regverdiging:* Kan ook vertaal word “vryspraak”.

^{*}10:5 *Die mens ... leef:* Lev 18:5; Gal 3:12

^t10:6 *regverdiging:* Vgl voetnoot in Rom 10:4.

^{*}10:6 *Moenie ... sê:* Deut 9:4

^{*}10:6 *Wie ... opklim:* Deut 30:12

•Christus af te bring — ⁷ “of, ‘Wie sal na die onpeilbare diepte^u afdaal’”
— met die bedoeling om Christus uit die dood terug te bring nie. ⁸ Nee,
wat sê dit?

“Die woord is hier by jou,
in jou mond en in jou hart.”*

Juis dit is die boodskap van geloof wat ons verkondig: ⁹ As jy met jou
mond bely dat Jesus die Here is en jy glo met jou hart dat God Hom uit
die dood opgewek het, sal jy verlos word. ¹⁰ Want met die hart glo ons, en
word so vrygespreek;^v met die mond bely ons, en word so verlos. ¹¹ Die
Skrif sê tog: “Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie.”^w ¹² Dit
maak inderdaad geen verskil of jy 'n Jood of 'n Griek^x is nie.* Ons het almal
dieselfde Here en Hy deel sy rykdom uit aan almal wat Hom aanroep.

¹³ Want “elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word.”*

¹⁴ Hoe kan hulle Hom dan aanroep as hulle nie tot geloof in Hom gekom
het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het
nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat preek? ¹⁵ En hoe kan hulle
preek as hulle nie gestuur word nie? Soos daar geskryf staan: “Hoe lieflik
klink die voetstappe van diegene wat die goeie boodskap bring!”*

^u**10:7 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Dit is hier 'n verwysing na die •doderyk,
anders as in Luk 8:37 en Op 9:1 waar dit na die gevangenis van bese geeste verwys.

* **10:7** *Wie ... afdaal:* Deut 30:13

* **10:8** *Die woord ... hart:* Deut 30:14

^v**10:10 vrygespreek:** Kan ook vertaal word “geregverdig”. Vgl voetnoot in Rom 1:17.

^w**10:11 Elkeen ... staan nie:** Aanhaling uit Jes 28:16 as heenwysing na Jesus
Christus; vgl Rom 9:33; 1 Pet 2:6,8.

^x**10:12 Griek:** 'n Term vir alle nie-Jode.

* **10:12** *Dit ... is nie:* Hand 10:4; 15:9

* **10:13** *elkeen ... verlos word:* Joël 2:32

* **10:15** *Hoe ... bring:* Jes 52:7; Nah 1:15; Ef 6:15

¹⁶ Nie almal het egter aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja vra immers: “Here, wie het geglo toe hulle ons gehoor het?”* ¹⁷ Die geloof kom dus uit wat ons hoor,* en wat ons hoor, kom deur die verkondiging van Christus.

¹⁸ Ek vra egter: “Het hulle dit dan nie gehoor nie?” Inderdaad, want:

“Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan
en hulle woorde tot by die uithoeke van die wêreld.”*

¹⁹ Ek vra weer: “Het Israel dit dan nie verstaan nie?”

Eers sê Moses: “Ek gaan julle jaloers maak op mense wat geen volk is nie; oor 'n onkundige volk gaan Ek julle kwaad maak.”*

²⁰ En Jesaja gaan selfs so ver om te sê:

“Ek is gevind deur diegene wat nie na My gesoek het nie;
Ek het verskyn aan diegene wat nie na My gevra het nie.”*

²¹ Maar van Israel sê hy:

“Die hele dag deur het Ek my hande uitgesteek
na 'n ongehoorsame en opstandige volk.”*

* **10:16** Here ... gehoor het: Jes 53:1; Joh 12:38

* **10:17** Die geloof ... uit wat ons hoor: Joh 17:20

* **10:18** Oor ... wêreld: Ps 19:5

* **10:19** Ek gaan ... kwaad maak: Deut 32:21

* **10:20** Ek is ... gevra het nie: Jes 65:1

* **10:21** Die hele ... volk: Jes 65:2 •Septuagint

11

God se plan met Israel en die heidene

¹ My vraag is dan: “Het God dalk sy volk verstoot?” Hoegenaamd nie! Ek is tog ook 'n Israëliet, uit die nageslag van Abraham, uit die stam van Benjamin.* ² God het nie sy volk verstoot* wat Hy reeds tevore gekies het nie. Of weet julle nie wat die Skrif oor Elia sê, hoe hy Israel by God aankla nie:

³ * “Here, hulle het u profete doodgemaak,
u altare het hulle afgebreek.
Ek het alleen oorgebly,
en hulle soek my lewe.”

⁴ Want wat is God se antwoord aan hom?

“Ek het vir My 7 000 mans^y laat oorbly
wat nie hulle knie voor Baäl^z gebuig het nie.”*

⁵ * Net so is daar ook in die huidige tyd 'n oorblyfsel, deur genade uitgekies. ⁶ * Maar as dit uit genade is, is dit nie meer op grond van ons daade nie; want anders sou die genade nie meer genade wees nie.

* 11:1 *Ek is ... Benjamin:* Fil 3:5

* 11:1-2 *Hoegenaamd ... nie sy volk verstoot:* 1 Sam 12:22; Ps 94:14

* 11:3 1 Kon 19:10,14

^y11:4 *mans:* Volgens destydse opvatting was vroue hierby ingesluit.

^z11:4 *Baäl:* 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

* 11:4 *Ek het ... het nie:* 1 Kon 19:18

* 11:5 Rom 9:27

* 11:6 Gal 3:18

⁷ Waarop kom dit dan neer? Dat Israel dit wat hulle soek, nie gekry het nie.* Maar die uitverkorenes het dit wel gekry. Die res is egter verhard,
⁸ soos daar geskryf staan:

“God het aan hulle 'n trae gees gegee,
oë wat nie sien nie
en ore wat nie hoor nie,
tot op die dag van vandag.”*

⁹ En Dawid sê:

*“Laat hulle etenstafel vir hulle 'n valstrik en 'n vangnet word,
'n struikelblok en 'n vergelding vir hulle.
¹⁰ Laat hulle oë verblind word, sodat hulle nie kan sien nie,
laat hulle rûe vir altyd krom buig.”

¹¹ Ek vra verder: “Hulle het tog seker nie gestruikel, net sodat hulle tot 'n val sou kom nie?” Hoegenaamd nie! Deur hulle val het die verlossing egter na die nie-Jode gekom* om die Jode jaloers te maak.* ¹² As die val van die Jode 'n verryking van die wêreld meegebring het, en hulle vermindering 'n verryking van die nie-Jode, hoeveel te meer hulle volle getal!

¹³ Vir julle uit die heidene sê ek: In soverre as wat ek dan •apostel van die heidene is, heg ek groot waarde aan my bediening, ¹⁴ in die hoop dat ek dalk my eie mense jaloers kan maak en sommige van hulle tot verlossing kan bring. ¹⁵ As hulle verwerping vir die wêreld versoening

*11:7 *Dat Israel ... gekry het nie:* Rom 9:31

*11:8 *God ... vandag:* Deut 29:4; Jes 29:10

*11:9-10 *Laat hulle etenstafel ... krom buig:* Ps 35:8; 69:23-24 •Septuagint

*11:11 *Deur hulle ... gekom:* Hand 13:46

*11:11 *om die ... te maak:* Deut 32:21; Rom 10:19

meegebring het, wat sal hulle aanneming nie beteken nie! Niks anders nie as lewe uit die dood!

¹⁶ As die eerste stukkie deeg heilig is, dan is die hele baksel heilig.* En as die wortel heilig is, dan ook die takke. ¹⁷ *En as sommige van die takke van die mak olyfboom uitgebreek is en jy, die wilde olyf, tussen die takke ingeënt is en so aan die voedingskrag van die mak olyfboom se wortel deel gekry het, ¹⁸ moet jy nie teenoor die ander takke spog nie. As jy wel spog — jy ondersteun nie die wortel nie, maar die wortel jou.* ¹⁹ Jy sal dan sê: Daar is takke uitgebreek sodat ék op die boom ingeënt kan word. ²⁰ Goed en wel. Dit is deur hulle ongeloof dat hulle uitgebreek is. Maar jy is daar deur jou geloof. Moenie hooghartig wees nie*, maar wees vol ontsag. ²¹ Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou dalk ook nie spaar nie. ²² *Sien daarom God se goedheid sowel as sy strengheid raak: sy strengheid oor hulle wat afvallig geword het, maar sy goedheid oor jou — mits jy in sy goedheid bly,* want ook jy kan uitgekap word. ²³ En wat hulle betref, as hulle nie in hulle ongeloof volhard nie, sal ook hulle weer ingeënt word. God is magtig om hulle weer terug te kan ent. ²⁴ Want as jy uitgekap is uit wat van nature 'n wilde olyfboom was, en jy teen jou natuur op die mak olyf oorgeënt kon word, hoeveel te meer sal die natuurlike takke nie op hulle eie olyfboom teruggeënt kan word nie!

* **11:16** *As die eerste ... baksel heilig:* Num 15:17-21; Neh 10:37; Eseg 44:30

* **11:17** Ef 2:11-19

* **11:18** *jy ondersteun ... wortel jou:* Joh 4:22

* **11:20** *Moenie ... wees nie:* Rom 12:16

* **11:22** Joh 15:2,4

* **11:22** *mits jy ... bly:* Heb 3:14

Toekoms van Israel

²⁵ Om te voorkom dat julle eiewys sal wees, * broers, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees oor hierdie misterie nie: Daar het gedeeltelik 'n verharding oor Israel^a gekom totdat die volle getal van die heidene ingekom het.* ²⁶ Op hierdie manier sal die hele Israel verlos word.* Soos daar geskryf staan:

“Die Redder sal uit Sion kom
en Hy sal die goddeloosheid uit Jakob verwyder.

²⁷ En dit sal my verbond met hulle wees*
wanneer Ek hulle sondes wegneem.*”

²⁸ Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande om julle ontwil, maar wat die uitverkiesing betref, is hulle geliefdes om die voorvaders se ontwil.

²⁹ Die gawes en roeping van God is immers onherroeplik. ³⁰ Want net soos julle voorheen aan God ongehoorsaam was, maar nou ontferming ontvang het weens hulle ongehoorsaamheid, ³¹ so is ook hulle nou ongehoorsaam weens die ontferming wat julle ontvang het, sodat ook hulle nou self ontferming kan ontvang. ³² * God het almal onder die ongehoorsaamheid ingesluit, sodat Hy aan almal ontferming kan betoon.

Aan God die eer

³³ O diepte van die rykdom
en wysheid en kennis van God!

* **11:25** *Om ... eiewys sal wees:* Rom 12:6

^a**11:25** *gedeeltelik ... Israel:* Kan ook vertaal word “vir 'n beperkte tyd oor Israel”.

* **11:25** *totdat ... ingekom het:* Luk 21:24; Joh 10:16

* **11:26** *die hele ... word:* Matt 23:39

* **11:26-27** *Die Redder ... met hulle wees:* Jes 59:20-21; Ps 14:7

* **11:27** *wanneer ... wegneem:* Jes 27:9; Jer 31:33-34

* **11:32** Gal 3:22; 1 Tim 2:4

Hoe ondeurgrondelik is sy oordele
en hoe onnaspeurbaar sy weë!*

³⁴ *Want wie het die gedagte van die Here geken?

Of wie het as sy raadsman opgetree?

³⁵ *Of wie het gawes aan Hom gegee,
vir wie Hy dit sou moes vergoed?

³⁶ Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.*

Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe!

•Amen.

12

Lewende offers aan God

¹ Broers,^b op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n lewende offer, heilig en aanneemlik vir God. Dit is sinvolle godsdiens. ² Julle moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke,* sodat julle goed kan onderskei wat die wil van God is — wat goed en aanneemlik* en volmaak is.*

Gelowiges se optrede in die gemeente

³ Deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle dat jy nie meer van jouself moet dink as wat jy behoort nie, maar dat jy jou

* **11:33** *onnaspeurbaar sy weë*: Jes 45:15; 55:8

* **11:34** Jes 40:13 •Septuagint; Job 15:8; Jer 23:18; 1 Kor 2:16

* **11:35** Job 41:2

* **11:36** *uit ... dinge*: 1 Kor 8:6

^b**12:1** **Broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **12:2** *verander ... denke*: Ef 4:23

* **12:1-2** *om julle liggame ... goed en aanneemlik*: Rom 6:11,13; 1 Pet 2:5

* **12:2** *sodat julle ... volmaak is*: Ef 5:10,17

gedagtes daarop moet instel om verstandig te wees volgens die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.* ⁴*Want soos ons baie ledemate in een liggaam het en nie al die ledemate dieselfde funksie vervul nie, ⁵*net so is ons, al is ons baie, een liggaam in •Christus en individueel lede van mekaar. ⁶*Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:

As dit die gawe van profesie is, beoefen dit dan in ooreenstemming met jou geloof;

⁷ as dit is om ander te dien, gebruik dit dan vir dienswerk.

Wie onderrig kan gee, moet onderrig;

⁸ wie kan bemoedig, moet bemoediging gee;

wie mededeelsaam kan wees, moet dit met opregtheid doen;*

wie leiding kan gee, moet dit met toewyding doen;

wie barmhartigheid kan betoon, moet dit met blydskap doen.

Rigtingwysers vir gelowiges

⁹ Julle liefde moet opreg wees.* Verafsku die kwaad; hou vas aan die goeie.* ¹⁰ Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde.* Wees gretig om aan mekaar respek te betoon.* ¹¹ Moenie traag wees in julle toewyding nie; bly geesdriftig;* hou vol om die Here te dien. ¹² Verbly

* **12:3** volgens ... toebedeel het: 1 Kor 12:11; Ef 4:7

* **12:4** 1 Kor 12:12

* **12:5** 1 Kor 12:27; Ef 4:25

* **12:6-8** 1 Kor 12:4-11; 1 Pet 4:10-11

* **12:8** wie mededeelsaam ... doen: 2 Kor 9:7

* **12:9** Julle ... wees: 1 Tim 1:5; 1 Pet 1:22

* **12:9** Verafsku ... goeie: Am 5:15

* **12:10** Julle ... broederliefde: 2 Pet 1:7

* **12:10** Wees ... betoon: Fil 2:3

* **12:11** bly geesdriftig: Hand 18:25; Op 3:15

julle in die hoop; wees geduldig wanneer julle swaarkry; volhard in gebed.* ¹³ Betoon meeleving met die behoeftes van die •heiliges; lê julle toe op gasvryheid.* ¹⁴ *Seën julle vervolgers; ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. ¹⁵ Wees bly saam met diegene wat bly is; treur saam met diegene wat treur.* ¹⁶ Wees eensgesind onder mekaar;* moenie hoogmoedig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie wys wees in julle eie oë nie.* ¹⁷ Moet niemand kwaad met kwaad vergeld nie,* maar rig julle gedagtes op dit wat vir alle mense goed is.* ¹⁸ *As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. ¹⁹ Geliefdes, moet julleself nie wreek nie,* maar laat ruimte vir die oordeel.* Daar staan immers geskryf:

“Aan My kom die wraak toe;
Ék sal vergeld,”*

sê die Here.

*12:12 *volhard in gebed*: 1 Thess 5:17

*12:13 *lê ... gasvryheid*: Heb 13:2

*12:14 Matt 5:44; Luk 6:28; Hand 7:60; 1 Kor 4:12

*12:15 *treur saam ... wat treur*: Ps 35:13

*12:16 *Wees eensgesind ... mekaar*: Rom 15:5

*12:16 *Moenie wys ... oë nie*: Spr 3:7; Jes 5:21; Rom 11:20

*12:17 *Moet ... vergeld nie*: 1 Thess 5:15

*12:17 *maar rig ... goed is*: Spr 3:4 •Septuagint

*12:18 Mark 9:50; Heb 12:14

*12:19 *moet ... wreek nie*: Lev 19:18; Matt 5:39

*12:19 *laat ... oordeel*: Rom 13:4; 2 Thess 1:6-7

*12:19 *Aan My ... vergeld*: Deut 32:35; Heb 10:30

²⁰ Maar: “As jou vyand honger is,
gee hom iets om te eet;
as hy dors is,
gee hom iets om te drink.
Deur dit te doen, stapel jy vurige kole op sy hoof.”*

²¹ Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad met die goeie.

13

Gelowiges en die owerheid

¹ Laat elke mens onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is,* want daar is geen gesag wat nie van God afkomstig is nie; en dié wat daar wel is, is deur God ingestel.* ² Wie die gesag teenstaan, verset hulle dus teen die instelling van God, en diegene wat hulle verset, sal 'n oordeel oor hulleself bring. ³ Die owerhede boesem immers nie vrees in as dit kom by goeie optrede nie, maar wel by verkeerde optrede.* Wil jy sonder vrees vir die owerheid leef? Doen dan die goeie, en jy sal lof van die owerheid ontvang. ⁴ Want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy die kwade doen, moet jy bang wees. Die owerheid dra nie verniet die swaard nie. Hy is immers 'n dienaar van God, aangestel om die kwaaddoener te straf.* ⁵ Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees vir die straf nie, maar ook ter wille van jou gewete.

⁶ Daarom betaal julle ook belasting; want hulle is dienaars van God

* **12:20** *As jou ... hoof:* Spr 25:21-22; Matt 5:44

* **13:1** *Laat ... gestel is:* Tit 3:1

* **13:1** *want ... ingestel:* Spr 8:15; Joh 19:11

* **13:3** *Die owerhede ... verkeerde optrede:* 1 Pet 2:13-14; 3:13

* **13:4** *aangestel ... straf:* Rom 12:19

wat hulle juis hiermee bemoei. ⁷ Betaal aan almal wat hulle toekom: belasting aan wie belasting, * tolgeld aan wie tolgeld, ontsag aan wie ontsag, eer aan wie eer toekom.

Verdere voorskrifte

⁸ Wees aan niemand iets verskuldig nie behalwe die verpligting om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, het die wet vervul. * ⁹ Want dit: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,”* of watter ander gebod ook al, word saamgevat in hierdie uitspraak: “Jy moet jou naaste liefhê soos jousef.”*

¹⁰ Die liefde doen die naaste geen kwaad nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet. *

¹¹ Boonop ken julle die bestemde tyd — dat die uur reeds daar is om uit die slaap wakker te word* — ja, ons verlossing is nou nader as toe ons tot geloof gekom het. ¹² Die nag het reeds ver gevorder; dit is amper dag.* Kom ons doen dan afstand van die praktyke van die duisternis* en trek die wapenrusting van die lig aan.* ¹³ Kom ons leef betaamlik, soos in die dag — nie met gefuif en dronkenskap nie,* nie met ontug en

* 13:7 Betaal ... wie belasting: Matt 22:21; Mark 12:17; Luk 20:25

* 13:8 Wie ... vervul: Gal 5:14; 1 Tim 1:5

* 13:9 Jy mag nie egbreuk ... begeer nie: Eks 20:13-15,17; Deut 5:17-19,21; Matt 19:18

* 13:9 Jy moet ... jousef: Lev 19:18; Matt 5:43; 19:19; 22:39; Mark 12:31; Luk 10:27; Gal 5:14; Jak 2:8

* 13:10 daarom ... wet: Matt 22:40

* 13:11 ken julle ... te word: Ef 5:14; 1 Thess 5:6-7

* 13:12 Die nag ... dag: 1 Joh 2:8

* 13:12 Kom ... duisternis: Ef 5:11

* 13:12 trek ... aan: Ef 6:10,14; Rom 13:14

* 13:13 Kom ... dronkenskap nie: Luk 21:34; Ef 5:18

losbandigheid nie, nie met rusie en afguns nie. ¹⁴ Beklee julle egter met die Here Jesus •Christus;* en maak nie voorsiening vir julle sondige aard om sy drange te bevredig nie.

14

Aanvaarding van mekaar

¹ Aanvaar die een wat swak in die geloof is,* sonder om oor menings te argumenteer. ²*Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar die ander een wat swak in die geloof is, eet net groente. ³*Die een wat eet, moenie neersien op die een wat nie eet nie; en die een wat nie eet nie, moet die een wat wel eet, nie veroordeel nie — want God het hom aanvaar.

⁴ Wie is jy om oor iemand anders se huisbediende te oordeel?* Of hy staan of val, is iets wat net sy eienaar aangaan. Hy sal egter bly staan, want die Here is in staat om hom staande te hou. ⁵ Die een beskou een dag belangriker as die ander;* vir 'n ander weer is alle dae eenders. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle van sy standpunt oortuig wees. ⁶ Die een wat 'n bepaalde dag uitsonder, sonder dit vir die Here uit. En die een wat eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God daarvoor; ook die een wat nie eet nie, doen dit tot eer van die Here, en hy dank God daarvoor. ⁷ Niemand van ons leef tog vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. ⁸*As ons leef, leef ons immers vir die Here; en as ons sterf, sterf ons vir die Here. Of ons dan lewe of sterwe, ons behoort aan die Here. ⁹ Dit is tog waarvoor •Christus gesterf het en weer lewend geword

* 13:14 Beklee ... Christus: Gal 3:27

* 14:1 Aanvaar ... geloof is: Rom 15:7

* 14:2 Gen 1:29; 9:3

* 14:3 Kol 2:16

* 14:4 Wie ... oordeel: Matt 7:1; Jak 4:11-12

* 14:5 Die een ... ander: Gal 4:10

* 14:8 Luk 20:38; Gal 2:20; 1 Thess 5:10

het — om Heer te wees oor dooies en lewendes.¹⁰ Jy, waarom veroordeel jy jou broer? Of jy, waarom sien jy op jou broer neer? Ons gaan tog almal voor God se regterstoel verskyn.*¹¹ Want daar staan geskryf:

“So seker as Ek leef, sê die Here,
voor My sal elke knie buig
en elke tong sal bely
dat Ek God is.”*

¹²*Elkeen van ons sal dus persoonlik voor God verantwoording moet doen.

Optrede sonder aanstoot

¹³Kom ons veroordeel mekaar nie meer nie. Maak dit eerder julle voorneme om nie vir julle broer^c 'n rede tot aanstoot of struikeling te verskaf nie. ¹⁴*Ek weet — ja, ek is in die Here Jesus daarvan oortuig — dat niks vanself •onrein is nie. As iemand iets egter as onrein beskou, dan is dit vir hom onrein. ¹⁵As jy jou broer aanstoot gee deur wat jy eet, handel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet iemand vir wie •Christus gesterf het, tot 'n val bring nie.* ¹⁶*Moenie toelaat dat die goeie wat daar by julle is, 'n slegte naam kry nie. ¹⁷Die •koninkryk van God is tog nie 'n saak van kos en drank nie, maar van •geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. ¹⁸Wie Christus op hierdie manier dien, is aanneemlik vir God en aanvaarbaar by die mense.

* 14:10 *Ons ... verskyn*: Matt 25:31-32; Hand 17:31; 2 Kor 5:10

* 14:11 *So seker ... God is*: Jes 49:18; 45:23; Fil 2:10-11

* 14:12 Gal 6:5

^c14:13 *broer*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* 14:14 Hand 10:15; Tit 1:15

* 14:15 *Moenie ... bring nie*: 1 Kor 8:11-13

* 14:16 Tit 2:5

¹⁹ Kom ons streef dan na die dinge wat die onderlinge vrede* en mekaar se opbou bevorder.* ²⁰ Moenie ter wille van kos die werk van God tot niet maak nie. Alles is rein, maar dit is verkeerd om aanstoot te gee deur wat jy eet. ²¹ *Dit is goed om nie vleis te eet of wyn te drink of enigiets te doen wat jou broer laat struikel nie. ²² Hou die oortuiging wat jy hieroor het tussen jou en God. Gelukkig is hy wat homself nie veroordeel oor wat hy as toelaatbaar beskou nie. ²³ *Hy wat egter twyfel wanneer hy eet, staan al klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. Alles wat jy nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

15

Optrede in belang van mekaar

¹ Ons wat sterk is in die geloof, is verplig om die swakhede van diegene wat nie sterk is nie, te verdra en nie onself te behaag nie. ² *Laat elkeen van ons sy medemens behaag met die oog op wat vir hom goed is en hom kan opbou. ³ •Christus het tog ook nie Homself behaag nie, maar, soos daar geskryf staan:

“Die beledigings van hulle wat U beledig,
het My getref.”^d

⁴ * Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken en sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons

*14:19 *Kom ... vrede*: Rom 12:18

*14:19 *mekaar ... bevorder*: Rom 15:2

*14:21 1 Kor 8:13

*14:23 Tit 1:15

*15:2 Rom 14:19; 1 Kor 9:19; 10:24,33

^d15:3 *Die ... getref*: Aanhaling uit Ps 69:10 as heenwysing na Jesus Christus.

*15:4 Rom 4:23-24; 1 Kor 10:11

uit die Skrif ontvang. ⁵ En mag die God van volharding en bemoediging gee dat julle onder mekaar eensgesind sal wees, soos Christus Jesus dit wil hê, ⁶ sodat julle eenparig, ja, uit een mond, aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, die lof sal bring.

Aanvaarding van mekaar

⁷ Daarom, aanvaar mekaar, * soos •Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. ⁸ Ek sê vir julle dat Christus 'n Dienaar van die besnedenes geword het ter wille van die waarheid van God, * sodat Hy die beloftes aan die vaders* kon bevestig ⁹ en sodat die heidene God oor sy ontferming kan verheerlik, * soos daar geskryf staan:

“Daarom sal ek U loof
onder die nasies,
en tot eer van u Naam
sal ek 'n lofpsalm sing.”*

¹⁰ En daar staan ook:

“Wees bly, nasies,
saam met sy volk.”*

¹¹ En weer:

* **15:7** *aanvaar mekaar*: Rom 14:1

* **15:8** *Christus ... God*: Matt 15:24

* **15:8** *beloftes ... vaders*: Miga 7:20; Hand 3:25

* **15:9** *en sodat ... verheerlik*: Rom 11:30

* **15:9** *Daarom ... sing*: Ps 18:50; 2 Sam 22:50

* **15:10** *Wees ... volk*: Deut 32:43

“Loof die Here, alle nasies!
Prys Hom, alle volke!”*

¹² En Jesaja sê op sy beurt:

“Daar sal 'n loot^e van Isai kom,
en Hy sal opstaan
om oor die nasies te regeer;
en op Hom sal die nasies hoop.”^f

¹³ Mag die God van hoop julle deur julle geloof met alle blydschap en vrede vervul, sodat julle hoop oorvloedig kan word deur die krag van die Heilige Gees.

Paulus se bediening aan die heidene

¹⁴ My broers,^g persoonlik is ek daarvan oortuig dat julle ook self vol goedheid is en oor volledige kennis beskik, in dié mate dat julle mekaar ook kan reghelp. ¹⁵ Tog het ek plek-plek nogal vrymoedig aan julle geskryf om julle daaraan te herinner dat ek, deur die genade wat God my gegee het,^{*} ¹⁶ 'n bedienaar van •Christus Jesus aan die heidene^{*} is. Ek bedien die evangelie van God priesterlik, sodat die heidene 'n aanneemlike offer kan wees,^{*} geheilig deur die Heilige Gees. ¹⁷ Dit is dan waarop ek my in

* **15:11** *Loof ... volke*: Ps 117:1

^e**15:12** *loot*: Kan ook vertaal word met “wortel”.

^f**15:12** *Daar ... hoop*: Aanhaling uit Jes 11:10 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 5:5.

^g**15:14** *broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **15:15** *deur ... gegee het*: Rom 1:5; 12:3

* **15:16** *'n bedienaar ... aan die heidene*: Rom 11:13

* **15:16** *sodat die heidene ... wees*: Fil 2:17

Christus Jesus beroem dat ek hierdie offer aan God kan bring.^{h 18} Ek sal dit inderdaad nie waag om oor iets anders te praat as wat Christus deur my gedoen het* om die heidene tot gehoorsaamheid te bring nie — deur woord en daad,¹⁹ deur kragtige tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God. Gevolglik het ek die verkondiging van die evangelie van Christus heeltemal voltooi, van Jerusalem af en rondom, tot sover as Illirikum.^{i 20} Ek het dit my ten doel gestel om die evangelie te verkondig, nie waar Christus reeds bekend was en ek dus op iemand anders se fondament sou bou nie,²¹ maar, soos daar geskryf staan:

“Hulle wat nie van Hom vertel is nie, sal sien,
en hulle wat nie gehoor het nie, sal verstaan.”^j

Paulus se reisplanne

²² *Daarom is ek ook dikwels verhinder om by julle uit te kom.²³ Maar noudat ek nie meer plek^k in hierdie streke het nie en reeds vir baie jare die begeerte het om by julle uit te kom, sal ek dit doen²⁴ wanneer ek na Spanje onderweg is. Want ek hoop om julle op my deurreis te sien en dan deur julle daarheen voortgehelp te word, as ek eers vir 'n tydjie die samesyn met julle geniet het.*

^h15:17 *offer ... bring*: Letterlik ‘die dinge wat op God betrekking het’. Dit verwys na “offer aan God”; vgl Rom 15:16.

*15:18 *Ek ... gedoen het*: 2 Kor 3:5

ⁱ15:19 *Illirikum*: 'n Landstreek noordwes van die antieke •Macedonië.

*15:20 2 Kor 10:15-16

^j15:21 *Hulle ... verstaan*: Aanhaling uit Jes 52:15 as heenwysing na Jesus Christus.

*15:22 Rom 1:10-13

^k15:23 *plek*: Dit verwys na Paulus se werksgebied as apostel.

*15:24 *Want ... geniet het*: 1 Kor 16:6

²⁵ *Maar nou is ek vir eers op pad na Jerusalem in diens van die •heiliges. ²⁶ Macedonië^l en Agaje^m het dit naamlik goedge dink om 'n bydrae te maak vir die armes onder die heiligesⁿ in Jerusalem.* ²⁷ Hulle het dit goedgevind, want hulle was dit bowendien aan die heiliges verskuldig. As die heidene in hulle geestelike seëninge gedeel het,* is hulle dit tog ook aan die heiliges in Jerusalem verskuldig om hulle met materiële seëninge te bedien.* ²⁸ As ek dit dan afgehandel en die opbrengs veilig aan hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje reis. ²⁹ En ek weet dat wanneer ek na julle kom, dit sal wees met die volle seën van •Christus.

³⁰ *Ek smeeek julle dan dringend, broers,^o by ons Here Jesus Christus en die liefde van die Gees, om deur julle gebede tot God saam te stry vir my ³¹ sodat ek gered sal word van die ongelowiges in Judea, en dat my diens aan Jerusalem vir die heiliges daar aanvaarbaar sal wees. ³² So sal ek dan, as dit God se wil is, met blydschap na julle kom en by julle verfris word. ³³ Mag die God van vrede met julle almal wees. •Amen.

* **15:25** Hand 19:21; 20:22

^l**15:26** *Macedonië*: 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

^m**15:26** *Agaje*: 'n Romeinse provinsie wat uit Sentraal- en Suid-Griekeland bestaan het.

ⁿ**15:26** *heiliges*: Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

* **15:26** *'n bydrae ... Jerusalem*: 1 Kor 16:1; 2 Kor 8:1; 9:2,12

* **15:27** *die heidene ... gedeel het*: Rom 9:4

* **15:27** *As ... bedien*: 1 Kor 9:11

* **15:30** 2 Kor 1:11; Fil 1:27; Kol 4:3; 2 Thess 3:1

^o**15:30** *broers*: Vgl voetnoot in Rom 15:14.

16

Aanbeveling, groete en laaste opdragte

¹ Ek beveel ons suster Febe by julle aan wat 'n dienaress^p in die •gemeente van Kenchreë^q is. ² Ontvang haar in die Here, soos dit die •heiliges betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle nodig mag kry. Sy was 'n ware weldoener vir baie mense en ook vir my.

³ Groet Priska en Akwila,^r my medewerkers in •Christus Jesus. ⁴ Hulle het hulle lewens vir my op die spel geplaas. Dis nie net ek wat teenoor hulle dankbaar is nie, maar ook al die gemeentes onder die heidene. ⁵ Groet ook die gemeente by hulle aan huis.* Groet my geliefde Epenetus — hy is die eerste bekeerling tot Christus uit die provinsie Asië.^{s*} ⁶ Groet Maria, wat so hard vir julle gewerk het. ⁷ Groet Andronikus en Junia,^t my volksgenote en medegevangenes. Hulle is hoog aangeskrewe by die •apostels en wat reeds voor my in Christus was.^u ⁸ Groet Ampliatus, my geliefde vriend in die Here. ⁹ Groet ook Urbanus, ons medewerker in Christus, en my geliefde Stagis. ¹⁰ Groet Apelles, wat in Christus beproef is, en groet ook

^p16:1 *dienares*: Kan ook vertaal word “diakones”.

^q16:1 *Kenchreë*: Die oostelike hawe van Korinthe.

^r16:3 *Priska en Akwila*: Vgl Hand 18:2,18,26; 1 Kor 16:19; 2 Tim 4:19. Priscilla is die verkleiningsvorm van Priska.

*16:5 *die gemeente ... huis*: 1 Kor 16:19

^s16:5 *Asië*: 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

*16:5 *die eerste ... Asië*: 1 Kor 16:15

^t16:7 *Junia*: Ander mss en vroeë vertalings lui “Julia”, 'n bekende vroulike naam; vgl Rom 16:15. Die vroulike vorm “Junia” kom in Latyn wel algemeen voor, maar is in Grieks ongebruiklik. In die lig van die man-vrou kombinasies in vs 3,15, sou Andronikus en Junia man en vrou, of broer en suster kon wees.

^u16:7 *in ... was*: Dit beteken ‘Christene geword het’.

diegene uit die familie van Aristobulus.¹¹ Groet Herodion, my volksgenoot. Groet diegene uit die familie van Narsissus wat in die Here is.^v ¹² Groet Trifena en Trifosa, harde werkers vir die Here; groet ook my geliefde Persis, wat baie hard vir die Here gewerk het.¹³ Groet Rufus,^{*} uitverkorene in die Here, sowel as sy ma, wat ook vir my 'n ma was.¹⁴ Groet Asinkritus, Flegon, Hermes, Patrobas, Hermas en die broers^w wat saam met hulle is.¹⁵ Groet Filologus en Julia, Nereus en sy suster Olimpas, en al die •heiliges saam met hulle.¹⁶ Groet mekaar met 'n heilige soen.^{*} Al die gemeentes van •Christus groet julle.

¹⁷ Ek doen 'n beroep op julle, broers, om mense in die oog te hou wat verdeeldheid en struikelblokke veroorsaak, in stryd met die leer waarin julle onderrig is. Bly weg van hulle af.^{*} ¹⁸ Want hierdie soort mense dien nie Christus ons Here nie, maar hulle eie maag.^{*} Met strelende woorde en vleitaal mislei hulle die harte van naïewe mense.^{*} ¹⁹ Julle gehoorsaamheid is aan almal bekend.^{*} Daarom is ek bly oor julle, en ek wil hê dat julle wys sal wees ten opsigte van die goeie en onskuldig ten opsigte van die kwaad.^{*} ²⁰ *Die God van vrede^{*} sal Satan^x spoedig onder julle voete verpletter. Die

^v16:11 *in ... is*: Dit beteken 'Christene is'.

^{*}16:13 *Rufus*: Mark 15:21

^w16:14 *broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit. So ook in Rom 16:17.

^{*}16:16 *Groet ... soen*: 1 Kor 16:20; 1 Pet 5:14

^{*}16:17 *om mense ... hulle af*: Matt 7:15; Tit 3:10

^{*}16:18 *Want ... maag*: Fil 3:19

^{*}16:18 *Met ... mense*: Kol 2:4; 2 Pet 2:3

^{*}16:19 *Julle gehoorsaamheid ... bekend*: Rom 1:8

^{*}16:19 *en ek ... kwaad*: Matt 10:16; 1 Kor 14:20

^{*}16:20 Gen 3:15

^{*}16:20 *Die God van vrede*: Rom 15:33

^x16:20 *Satan*: Die benaming "Satan" is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat 'teenstander' of 'aanklaer' beteken.

genade van ons Here Jesus bly met julle!

²¹ Timoteus, * my medewerker, groet julle; so ook Lucius, Jason en Sosipater, my volksgenote. ²² Ek, Tertius, wat hierdie brief neergeskryf het, groet julle in die Here. ²³ Gaius, * my en die hele gemeente se gasheer, groet julle. Erastus, * die stadstesourier, groet julle, ook die broer Kwartus. ²⁴ ^y

Lof aan God

²⁵ ^z Aan Hom wat magtig is om julle te versterk volgens die evangelie van Jesus •Christus wat ek verkondig en volgens die openbaring van die misterie, wat eeue lank verswyg was, * ²⁶ maar wat nou in opdrag van die ewige God deur die geskrifte van die profete onthul en aan alle nasies bekend gemaak is om hulle tot geloofsgehoorsaamheid* te bring — ²⁷ * aan Hom, die enigste en alwyse God, kom toe die heerlikheid deur Jesus Christus, vir ewig! •Amen.

* **16:21** *Timoteus*: Hand 16:1; 19:22; 20:4; Fil 2:19

* **16:23** *Gaius*: Hand 19:29; 1 Kor 1:14

* **16:23** *Erastus*: 2 Tim 4:20

^y**16:24** “Die genade van ons Here Jesus Christus bly met julle almal. •Amen.” Hierdie seëngroet ontbreek in die •bronteks; vgl Rom 16:20.

^z**16:25-27** Hierdie lofprysing ontbreek in sommige mss. Party bevat dit ná 14:23, ander weer ná 15:33, terwyl 'n aantal dit ná 14:23 sowel as ná 15:33 plaas.

* **16:25** *openbaring ... verswyg was*: Ef 1:9; 3:5,9; Kol 1:26

* **16:26** *geloofsgehoorsaamheid*: Rom 1:5

* **16:27** 2 Tim 1:17; Jud vs 25